# Nuusbrief 3/2016
# Suidkerk

# Pitkos



**Filip 1:1-6**

Daar is baie *fly by nights* daar buite. Baie ouens wat met ’n splinternuwe plan na vore kom en dan baie mense oortuig om saam met hulle in die nuwe plan te glo. Sommige van hulle is so goed om ander daarin te laat glo, dat hulle bereid is om ’n groot stuk van hulle swaarverdiende geldjies in die nuwe storie te belê.

Maar ai, een oggend as die mense hulle oë uitvee en wil kyk hoe ver die nuwe droom is, is die skuur waar die nuwe drome gebou word leeg, geen sien van die blikkantien nie en natuurlik ook geen sig van die geld, droom of planne nie. Soos hulle die nag ingevlieg het, het hulle ook weer in die nag weggevlieg, aldus die *fly by nights.*

’n Mens moet so keer vir jou *wickets.* Eintlik raak ’n mens later so versigtig dat jy bang is om na enige iemand te luister, want is dit nou weer iemand wat net ’n solovlug gaan maak, of is dit nou die regte egte een? En ongelukkig is dit ons ervarings is. Keer vir ’n vale en hoop vir die beste.

En op ’n manier pas ons hierdie manier van leef ook toe in ons Christenskap. Ons keer vir al wat dit werd is en hoop ons is besig om teen die regte leer op te klim. Ons hoop dat as ons eendag doodgaan ons nie ’n groot verrassing sal kry nie. Wees maar eerlik met jouself.



Soms kom daar tye wanneer jy wonder of God en Jesus nie ook maar net *fly by nights* was nie. Sê nou maar net...

Gelukkig kan ons vir mekaar sê dat dit nie waar is nie. God en Jesus is na amper 2 000 jaar is hulle nog steeds hier. **6 Van een ding is ek seker: dit is God wat al hierdie goeie dinge met julle laat gebeur. Hy sal dit vir julle bly doen tot op die dag wanneer Christus Jesus weer kom. Hy sal julle nooit in die steek laat nie, daarvan kan julle seker wees. (Die Boodskap)**

Die goeie werk wat Jesus begin het, die genade wat Hy oor ons uitgestort het, dat Hy vir ons sondes gesterf het en al die goeie werke sal nie ophou nie. God het nie maar net een maal hier verbygekom en ons toe aan onsself oorgelaat nie. Nee, God is vandag nog hier en stort sy genade oor ons uit. God is vandag nog by ons betrokke en deur sy Gees werk Hy in en deur ons.

En God sal die werk aanhou doen, Hy sal betrokke bly tot by die einde van ons lewe of totdat Jesus weer kom. Dis die belofte wat jy styf in jou hart kan ronddra. Al raas die wêreld daar buite en al ruk die wêreld jou soms van jou geloof spoor af, kan jy rustig terug klim en met sekerheid weet: God is besig en by jou, al voel dit soms so ver.

(Uit Kruispad deur Gerjo-Ben van der Merwe)

# Geestelike Ontwaking van die Kerk



**Ontwaking en verootmoediging:**
Eseg 37:5 – *So sê die Here my God vir hierdie bene: Ek gaan gees in julle laat kom sodat julle kan lewe.*
Bid vir ń honger en dors na God, en radikale sondebesef.
Bid dat meer lidmate aan ons Gebedswag sal deelneem.

**Nederigheid en eensgesindheid:**
1 Pet 5:5b - *... God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.*
Bid vir die gesindheid van Christus in harte, wedersydse respek en onderdanigheid.

**Tiendes en offergawes:**
Mal 3:10 – *Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar ets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige.*
Bely gierigheid, selfsug en ongehoorsaamheid om te gee vir die kerk, armes en sending.

**Wonderwerke en genesing:**
1 Kor 2:4 – *Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees*.
Bely ongeloof in wonders, tekens en bonatuurlike genesing in vandag se tyd.

**Aanbidding en gebed:**
Joh 4:24 – *God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur Gees en in waarheid aanbid.*
Bely biddeloosheid vir die land en ongereddenes, ook gebrek aan soeke na God binne die gesin en kerk.



**Alomteenwoordigheid:**
Heb 4:13 – *Daar is ook niks in die skep-ping wat vir God onsigbaar is nie: alles lê oop en bloot voor sy oë.*
Bid vir ń terugkeer van die vrees van en ontsag vir God.

**Krag van die Heilige Gees:**
Han 1:8 – *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees*

...

Bid vir die krag van die Heilige Gees wat lei tot die redding van siele, tot oortuiging van sonde en verheerliking van God die Vader en die Seun, Jesus Christus.

# Uitreik 2016 na Werda in Botswana

Ek dink nou terug aan alles wat gebeur het... die voorbereiding, die uitreik, en ons reünie in  die vorm van ‘n lekker braai.
Met so ‘n uitreik het ‘n mens het maar altyd baie idees en verwagtinge, maar dit moet altyd ingedagte gehou word dat fondse beperk is om alles  tot uitvoering te bring.

Hier het ons weereens gesien dat deur gebed en geloof ons Here die nodige voorsien. Die Here stuur die regte mense op die regte tyd oor ons pad.
Nou ja, hier volg ‘n oorsig van gebeure...

**Voorbereiding**



Ons het vanaf ons eerste bymekaarkom 'n jaar terug begin met woeker pogings. Elke spanlid het 'n geldjie gekry om mee te woeker… Almal het aan die werk gespring, en een van die gesamentlike pogings was die boemelaars aand, wat 'n groot sukses was!



Daar was kontant donasies, droëperske verkope, rosyne verkope, springmielies en "Paasfees met Blomme" DVD verkope… als bygedra tot die genoegsame groei van ons fondse om die uitreik met sukses deur te voer. Ook, groot verrassing!... ons kry 'n glyplank as donasie wat die bou van die speelpark afrond.

Ds Robert en Johan Swart het reëlings getref met Ds TC du Toit, van Kgalagadi Christian Ministries, vir ons uitreik na Werda.
Die doel van ons uitreik was vierdelig:

1. Huisbesoeke om so die evangelie te verkondig aan die inwoners van Werda.
2. ECD(Early Childhood Development) bevordering. Die vrouens en dogters in ons span het die vrouens van Werda se naels geverf. Terwyl hulle naels geverf het was hul in gesprek met die vroue van Werda rondom ECD se vier pilare van opvoeding naamlik: voeding, sekuriteit , liefde en stimulering.
3. Die derde is rondom die kinderbediening, met ‘n daaglikse poppekas boodskap aangespoor deur handpop Phillipus . Kinders word geleer van die evangelie met die gebruik van die woordlose boekie se kleure, sing van bybel liedjies en stimulering deur speletjies.
4. Die bou van ‘n speel park met helder kleure wat herinner aan die woordlose boekie. Die speel apparate bevorder koördinasie en breinstimulering.

Verdere beplanning sluit in die reëling vir ons oorslaap in Kimberley, verblyf op die plaas Cornwall naby Werda, en vir ons terugkeer waar ons oornag het by Red Sands net buite Kuruman.
Callie het 'n groot taak gehad met die plan ontwerp, beplanning en aankope van materiaal vir die bou van die speelpark geriewe. Natuurlik was daar magies wat ook volgehou moes word … die kosspan, met Anna en Morné aan die stuur… voorbereiding van die spyskaart, opstel van die kos lys asook aankope hier en in Botswana moes gereël word.

<u>Die spanlede was as volg</u>
Albert Louw, Amelia Heppel, Anna van der Westhuizen, Bernard Maritz, Callie Moller, Carla Knobel, Chris Rossouw, Corné Pio, Danelle Coetzee, Jacobus van Zyl, Janica Louw, JP Wepener, Johan Swart, Julyan Uys, Marcel van der Heyde, Marinda Knobel,
Mia Smith, Morné van der Heyde, Nadia Fivaz, Nadia Nagel, Louwmari Muller, Myneli Muller, Neil de Koker, Paula Swart, Reevan Heppell, Robert Knobel, Tobie de Kock, Wian Cloete.



As bonus het die Muller gesin van Herbertsdale, dis nou Nollie ,Ina , Stefani en Johani ook saamgegaan.

**DRC Kerkraad en verteenwoordigers het bestaan uit**
Josef, Maria, Ma Brookes, Hendrik, Oom Titus van Kokotsha.

**Ons reis na Botswana**
Ons vertrek die Saterdagoggend, 25ste Junie, en slaap oor in Kimberley by die Volle Evangelie Kerk, waar ons weer hartlik verwelkom word deur Past Barend en Thea Venter.
Ons ry die Sondagoggend vroeg van daar en gaan by Bray oor die grens. Teen laatmiddag het ons aangekom by Cornwall, die Safari Lodge van Jannie en Heather Strumpfer. Teen donker het ons klaar




kamp opgeslaan en lekker gesmul aan die kos wat Heather met groot sorg vir ons voorberei het.



**Verblyf en uitreik**

Die Maandagoggend, lekker uitgerus, na ontbyt en stiltetyd, het ons vertrek na Werda. Hier het ons saam met die Kerkraad verteenwoordigers, die Kgosi ontmoet by die Kgotla waar ons 'n hartlike verwelkoming gekry het.

Terug by die kerk gronde het die spanne dadelik aan die werk gespring, Callie met sy bou span aan die werk met uitleg van die speelpark en gate grawe vir pale. Die ander in speelgroepies betrokke met voetbal, kring spele, en poppekas aanbieding.



Teen Dinsdag is ons in groepies, elke groep met 'n tolk begeleier, die dorp in vir huisbesoek
Die kosspan was daagliks tuis in die kamp besig met die voorbereiding van ons middagete.



Die plaaslike kinders was uitbundig betrokke met voetbal, kring spele, en weereens met die poppekas aanbieding wat met groot genot en fanfare begroet is.
Die oprigting van die speelpark het mooi gevorder, te danke aan Callie en Nollie en die jongspan wat met oorgawe gewig ingegooi het.
Teen Donderdag is die speelpark al hafpad klaar







Ons het met versoek van die DRC Kerkraad ook besoek afgelê by een van die buitewyke nl Kokotsha. Ons het by die gemeenskapstentkerk die poppekas, asook sokker en speletjies aangebied. Ons het ook in groepe uitgery en huisbesoek gedoen, en waar ons beweeg het, was ons in groot afwagting ontvang.



Terug in die kamp, moeg maar tevrede met die dag se verrigtinge, het ons steak en potbrood vir aandete geniet. Daarna het ons rustig oorsig gedoen van die dag se gebeure.



Nouja, Vrydag het aangebreek en die speelpark moet klaar sodat dit geverf kan word. Vrydag is dit ook naelverf dag en gesels met die vroue aan die beurt. Daar was ook 'n span wat die gesigte van die kinders opgemaak het, en ja verseker ook die poppekas!





Saterdag is verf dag… almal klim in en help om die verskillende speel apparate met helder kleure te verf… Die sandwurm van ou bande





gemaak, kry 'n vrolike gesig en pote by. Die glyplank se raam word ook mooi verfraai en in alle kleure geverf, en oral kolle aangebring wat gevul is met letters en syfers. Ook die swaaie se raamwerk word geverf en verfraai met helder geverfde blomme. Daar is ook lang balanseerbalke net bo die grond waarop die kinders kan loop





om hul balans vermoëns teen mekaar te toets. Daar word ook 'n "hindernisbaan" uitgelê met bande wat geverf is, amper soos "hopscotch", asook 'n ry bande wat regop geplant is om te dien as 'n balanstoets. Alles om die kinders te stimuleer.



Ons is vroegmiddag terug kamp toe om te stort, eet en reg te maak vir die konsert oftewel musiekaand in die kerk. Die aand daag heelwat mense op, en omtrent almal neem deel aan die sang optredes. Van die kleinste en jongste kind tot die mees bejaardes tree op. Ons moes ook self as groep op die verhoog staan en het ons bes gedoen om 'n aanvaarbare weergawe van 'n koor te bied… nie te sleg nie al moet ek dit self sê! Dit was 'n werklik genotvolle en begeesterde aand.



Nie net praat die dorpsmense mooi Afrikaans nie, hulle KAN beslis ook sing!

Sondag woon ons die kerkdiens by, met Ds Robert wat die diens lei, waarna ons na buite beweeg om ook die offisiële oorhandiging van die speelpark te doen. Hier het mnr Rossouw letterlik sy hart agtergelaat… uit houtpale gevorm en geverf, en dien as herinnering aan ons uitreik.

Die agtermiddag is ons almal oor na Heather en Jannie vir versnaperings en lekker gesels, waarna ons terug is kamp toe vir pannekoek en koffie as aandete… lekker!
Laataand begin hofsitting, waar ieder en elk aangekla word van goed en kwaad! Gelukkig is die strawwe wat uitgedeel word, heel billik, en hiervan, die lekkerste, die Nollie en gesin straf… reuniebraai op hul plaas na ons terugkeer…

Maandag "chill" ons uit. Ons geniet 'n rustige dag en neem die tyd om klere te was en reg te pak ter voorbereiding van ons vertrek.

**Ons vertrek weer terug na Mosselbaai**



Dinsdag is pak-en-ry dag... ons vertrek oorgrens terug na RSA en slaap oor by Redsands net buite Kuruman. Ja, ons het die aand lekker gesmul aan braaivleis en pap!
Woensdag oggend net na ontbyt vertrek ons op die lang skof terug Mosselbaai toe. Lang skof inderdaad. Ons arriveer net na donker by die Pastorie, moeg maar bly om terug te wees, maar ook tevrede dat ons 'n verskil kon maak vir die Werda gemeenskap! Ons glo ons het weer saadjies geplant in 'n paar mense se harte, en dat dit wel in die toekoms vrug sal lewer.

Ons gee dank aan God vir Sy genade, liefde, en beskermende hand oor ons gedurende die uitreik.



# Raak gehoor by die ringsitting



Ons  moet leer om die dualisme te deurbreek tussen geestelike en aardse realiteite.  Volgens die dualisme is God “meer teenwoordig” wanneer ek in die kerk is of Bybel lees as wanneer ek op die gholfbaan of die koffiewinkel is.  Ons hele lewe is ‘n lewe Coram Deo (voor die aangesig van God).  Of ek Bybel lees en of my buurvrou dokter toe neem of blomme in my tuin plant, ek is besig met ‘n lewe voor God.



‘n Vars manier van dink oor die kerk (ons almal) se roeping is om weg te beweeg vanaf die idee dat die kerk ‘n missie (‘n sending) het na die wete dat die Missio Dei (sending van God) ‘n kerk het.  Die kerk is dy gestuurdes in die totale werklikheid waar God reeds werksaam is.

# <u>EEN UUR GEBEDSWAG MET DIE HERE</u>

*Sluit aan by die wêreld in 2016 om nag-en-dag te bid vir herlewing onder die nasies!*

*Word deel van al die* ***stede en dorpe*** *in Suid-Afrika wat by* ***7 Dae gebedswagte bid*** *vir:*

- **GEESTELIKE ONTWAKING VAN DIE KERK**
- **REDDING VAN DIE ONGEREDDES**
- **SOSIALE GEREGTIGHEID**



**EEN UUR GEBEDSWAG MET DIE HERE**
**VIR IEMAND WAT BID EN DEELNEEM AAN 7 DAYS ON THE WALL OF ENIGE UUR**

**IN GEBED**

## OORSIG VAN DIE UUR SE GEBED

| TYD | TEMA | BESKRYWING |
|---|---|---|
| 0-5 | LOF & AANBIDDING | **Fokus al jou aandag op God:** Loof Hom en aanbid Hom vir al Sy manjifieke kwaliteite en dade. (bv. Ps.145-150) |
| 5-12 | BEROU & DANKSEGGING<br><br><br>VERGIFNIS & VERSOENING | **Persoonlik:** Voorbereiding om voor God te staan as 'n intercessor; Bely alle bekende en onbekende sonde; kom voor Hom met die versekering dat jy ten volle deel is van die nuwe verbond in Christus se bloed en in verootmoediging.<br>**Verbind jouself om eties te wees in alles wat jy doen.** Dank Hom vir Sy barmhartigheid en goedheid.<br>**Jouself:** Vergewe enige persoon wat jou tenagekom het sedert jou laaste gebed. Is daar enige persoon vir wie jy tenagekom het vir wie jy om vergifnis moet vra? Is jy versoen met almal rondom jou? Vra die Here om hulle te seën.<br>**Ander:** Vra die Here om die sonde van jou familie en gemeenskap/stad/area te vergewe. Vra Hom om hulle te seën. (Neh.1). |
| 12-22 | PERSOONLIKE HERLEWING EN GEESTELIKE ONTWAKING VAN DIE KERK | Vra die Here om jou **geestelik te vernuwe**. Die vorige 3 sessies het jou voorberei om voor Hom te staan as 'n sondaar wat deur die bloed van Jesus skoon gewas is. Vra die Here om **herlewing by jou te begin** en vra Hom om jou van binne na buite te verander. Bid dan dieselfde vir jou familie. |

| | | |
|---|---|---|
| | | Vra die Here om **geestelike ontwaking in jou kerk** te bring. Bid dieselfde vir die kerke in jou **dorp/stad/omgewing. Draai** weg van trots, valse evangelie, kompetisie en sonde in die kerk. Bid spesifiek vir **Kerkleiers:** bid vir geestelike wysheid en leiding; lidmate; finansies; groei; God se teenwoordigheid. Bid vir alle denominasies en tipe kerke. **Vra die Here om jou kerk en area te besoek met Sy verterende vuur.** |
| 22-27 | LUISTER | Luister na God & maak notas (self; stad/area & land). Om jou gedagtes te stil: mediteer op Skrif. |
| 27-40 | SOSIALE GEREGTIGHEID<br><br><br><br><br><br><br><br>LEIERS EN ALMAL WAT HOOGGEPLAAS IS IN DIE STAD/AREA & LAND (1 TIM.2:1- | God se hart is dat ons ons naaste sal liefhê, maar selfs meer wanneer ons naaste ‘n behoefte het. (Matt.24:31-46; Jak.1:27). Bid vir sosiale geregtigheid vir persone wat **honger is, dors is, klere nodig het, gevangenes, siekes, weduwees, weeskinders, vreemdelinge, elkeen teenoor wie ‘n onreg gepleeg word**. Pleit vir die duisende **kinders wat geaborteer word sonder rede** in SA elke jaar. Hulle kan nie vir hulself pleit nie, maar hul bloed roep uit na God. (Gen.4:10).<br><br>Leiers in elke area speel ‘n groot rol in goeie regering, geregtigheid, wat sosiale geregtigheid en vrede insluit.<br>Vra die Here om die **leiers in jou land/provinsie of stad/dorp** te seën en te lei: president & kabinet; provinsiaal/staat; burgemeester en amptenare. Besighede; Geregtigheid, Veiligheid & Sekuriteit, Onderwys, Kuns, Vermaak, Media, leiers |

| | | |
|---|---|---|
| | 3). | van valse gelowe. |
| 40-45 | SOSIALE GEREGTIGHEID - PERSOONLIK | Vra die Here om jou hart te skeur vir persone wat ly onder sosiale ongeregtigheid in jou gemeenskap, begin by jou eie familie. Identifiseer **5 areas** waar ongeregtigheid plaasvind en **bid** daarvoor. Vra die Here wat jy moet doen en handel daarvolgens! |
| 45-55 | VIR WERKERS IN DIE VELD & DIE VERLORENES<br><br><br>TAKE FIVE – BID VIR 5 ONGEREDDE PERSONE WIE JY KEN | **Bid vir huidige en toekomstige geestelike werkers in die veld.** Elkeen wat ver en plaaslik is (Lukas 10:2). Bid vir hulle beskerming.<br>**Bid vir die ongereddes in jou land, stad/area.** Ongeveer 40 miljoen (80%) van Suid-Afrika se bevolking het nie 'n aktiewe verhouding met Jesus as Heer en Redder nie.<br>Bid vir jou **Take Five:** bid vir hul redding en **hou aan bid** vir hulle in jou Take Five op daaglikse basis. Bid vir jou verhouding met hulle en hulle behoeftes! (Sien hieronder hoe Take Five werk). |
| 55-60 | LOF EN DANKSEGGING | Vir alles wat God vir jou persoonlik doen en deur die 7 Days program. Verheerlik en dank Hom vir al Sy goedheid |


Hoepla!
Hoera!
Wees altyd
bly in die
Here!
Ek herhaal:
Wees bly!
Filippense 4:4


"Uit u
hand kom
net wat
mooi is."
Psalm 16:11



Met dank aan almal wat ‘n bydrae gelewer het tot die nuusbrief.  Sonder julle samewerking sou dit nie moontlik wees om hierdie nuusbrief uit te gee nie.

Karen Grobler 082 597 8550
André Kritzinger 084 613 2462